Geniet dié somer in Stellenbosch

DIT is inderdaad nie maklik om ná 'n heerlike vakansie weer agter jou lessenaar in te skuif nie.

Maar gelukkig woon ons in die mooiste dorp in Suid-Afrika, met hope lekker dinge om die vakansiegevoel so lank as moontlik te probeer uitrek!

Vanaand verskaf The Lone Sharks blues onder die sterre by Eaglevlei. Neem jou eie piekniekmandjie en kombers, en koop wyn op die plaas. Die musiek begin om 18:30, en die koste is R40 per persoon. Kontak vir Marie by 021 88 44 713 vir meer inligting.

Sondag, 27 Januarie is dit *Music Uncorked* se beurt by Neethlingshof. James Grace verskaf hier musiek vanaf 17:30. Toegangsgeld (R100) sluit 'n glasie soetwyn en eetgoed in. Bel Lucille vir meer inligting by 021 883 8988.

Saterdae is dit markdag by Oude Libertas. Van 08:00 tot 14:00 is daar wynproeë, vermaak vir die kinders, vars produkte soos oesters, warm brode, groentes en meer.

Vir meer inligting, bel Eric by 083 468 2529.

Al ooit gedroom van 'n bad in jou gunsteling-Stellenbosse rooi? Jy en jou geliefde kan nou 'n fantastiese, ontspanne en verfrissende pinotage-bad in die wingerd neem met al die weelderige ekstras. Laat waai net die klere!

Binne hul filosofie van

aandag aan detail, sowel as 'n vars, opwindende en innoverende benadering tot wyn en argitektuur, bied Mont Destin Wines nou hierdie belewenis - 'n pinotage-bad in moeder natuur.

Die idee is gebore toe Ernest Burgin, eienaar van hierdie Afrika-geïnspireerde kelder op die voorstoep van Stellenbosch, vir sy vrou, Samantha, iets ongewoons wou gee. Terwyl hy die kelder reggepak het, het hy op 'n vat pinotage afgekom en onmiddellik geweet dat hy die perfekte geskenk gevind het - 'n bad vol wyn, omring deur wingerde. Die bad is gekoop en naby 'n lapa in die wingerd geïnstalleer.

Hierdie unieke wynervaring bied 'n sensuele avontuur wat jou sal laat swymel.

Ekstras sluit in 'n bottel dubbelgoud pinotage, glase, kamerjasse, handdoeke - en 'n verhitte bergwater-stort!

Met beperkte beskikbaarheid teen R1 500 per paartjie, is hierdie waarlik 'n winskopie en die perfekte geskenk aan jou beminde.

Vir meer inligting oor die pinotage-bad, bel na Mont Destin by 021 875 5870.

Besoek ons webwerf, www.wineroute.co.za vir die jongste nuus en gebeurtenisse, en geniet die lang dae en warm aande met 'n glasie van Stellenbosch se beste!

Gesondheid!

Stuur enige wynnuus aan Lionel Cloete by e-pos: lcloete@eikestadnuus.com